*Maandag* **16 Junie**

**Skrifgedeelte: Psalm 100**
**Fokusgedeelte: Psalm 100:1 (AFR83/AFR2020)**
**Juig tot eer van die Here oral en altyd**

’n Besondere opdrag wat in Psalm 100 aan ons gegee word: Loof die Here oor die ganse aarde! Almal moet juig tot eer van die Here. Die Psalm is ’n oproep om met blydskap in die Here te jubel, want *“die Here is God, Hy het ons gemaak; aan Hom behoort ons”* (vs 3). Alles en almal het Hy gemaak en behoort aan Hom. Deur die Here se verlossingsdade het Hy vir Hom ’n besondere volk gemaak en laat Hy hulle leef soos kleinvee wat wei. In Handelinge 20:28 lees ons die Here het vir Hom ’n gemeente verwerf “deur sy eie bloed”. Deur die bloed van Christus is ons gekoop vir die Here. Die lof kom Hom toe en hierdie lof word verkondig deur en in sy gemeente.

Daar waar die Here se volk saamkom, juig, dien en erken die volk God se verlossingsdade. Die volk “kom in sy teenwoordigheid”, hulle “gaan sy poorte binne” en hulle prys Hom in “sy voorhowe”. Alles wys op die samekomste van die volk. Daar bemoedig ons mekaar en ons moedig mekaar aan om onophoudelik te juig tot eer van die Here. Ons dien ons Vader met blydskap. Wanneer die gemeente bymekaarkom om Hom te loof en sy Naam te prys, dan is ons besig om Hom te dien met blydskap. Hierdie diens gaan van die samekomste uit en vul ons hele lewe. Die lof en blydskap duur voort, aanhoudend. Dit duur vir ewig omdat sy liefde vir ons nooit sal ophou nie. Die liefde en trou wat ons Vader vir ons het, duur van geslag tot geslag. Jubel in die Here, oral en altyd.

*Sing: Psalm 100-1:1-4*
*Ds. J (Jaco) Cronje (Bloempark)*